# Hoofstuk van die dag: Sagaria 3

> *Ek het die hoëpriester Jesua voor die engel van die Here sien staan, en regs van hom het die Satan gestaan, besig om Jesua aan te kla. (vers 1)*

In hierdie gesig is Sagaria in die troonsaal in die hemel,

waar hy sien hoedat die hoëpriester Jesua deur Satan by die Here aangekla word. Dit is vir ons ’n vreemde gedagte dat Satan enigsins in die hemel toegelaat is. Maar ons lees ook in die boek Job (1:6-12 en 2:1-8) dat Satan met sy aanklagwerk in die hemel doenig is. En vir Petrus sê Jesus Satan het daarop aangedring om hulle soos koring te sif, maar Hy het vir Petrus gebid dat sy geloof hom nie begeef nie (Luk 22:31-32).
Vandag sal jy verniet na Satan in die hemel soek. Met Jesus se oorwinning oor Satan (met sy versoeking, Luk 4:1-13 en veral op Golgota) is Satan verslaan en vir goed uit die hemel geban. Jesus praat daarvan in Luk 10:18.
Satan het sy staanplek as aanklaer voor God verloor. Hy het niks meer oor jou en my te sê nie; nie vir God nie, maar ook nie vir jou nie. Jy hoef nie na hom te luister of met hom in gesprek te gaan nie. Jy is verlos!



© Bybelkoerant 2018 – 2026